**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: SR24/2005

**DIE STAAT**

versus

**MOKHETHI RADEBE** Beskuldigde 1
**ANANIAS DONJORE** Beskuldigde 2
**LAWRENCE HLAHORE** Beskuldigde 3

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* CILLIé R

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 10 FEBRUARIE 2005

---

Die beskuldigdes in hierdie saak is in die Streekhof te Sasolburg skuldig bevind aan Roof met verswarende omstandighede. Beskuldigdes 1 en 3 is elk gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf. Beskuldigde 2 is ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet (Wet Nr. 51 van 1977) gevonnis tot 8 jaar gevangenisstraf. Hierdie

laasgenoemde vonnis is nie ‘n bevoegde vonnis nie omdat artikel 276A(2)(b) bepaal dat ‘n vonnis ingevolge artikel 276(1)(i) nie 5 jaar te bowe mag gaan nie. Die Streekhofpresident het die saak nou reeds vir hersiening voorgelê alhoewel daar aan aldrie beskuldigdes verlof verleen is om teen hulle skuldigbevindings en vonnisse te appelleer. Soos die strafappèlrolle tans daar uitsien, mag dit ‘n jaar of langer duur voordat die appèl aangehoor word.

Dit is nie doenlik om nou beskuldigde 2 se vonnis te heroorweeg sonder die voordeel van mondelinge betoog nie. Die onbevoegde vonnis moet egter reggestel word.

Gevolglik word Beskuldigde 2 se vonnis tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van 5 jaar gevangenisstraf ingevolge artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet.

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**